en D. Malan met 'n klompje menschen ook uit. Toen krijgen de Engelschen het van drie kanten af gelijk en ik denk 't is net toen dat Colley gevallen is. Dit konden de Engelschen niet staan; het was toen te hard; en zij barsten zoo maar den berg ander kant af"

*DE AFRIKANER-BOER en de JAMESON-INVAL door N. HOFMEYR*
*JACQUES DUSSEAU & Co., UITGEVERS, 1896. (met erkenning)*
*Met dank aan Elna Grobler (Naskom)*

Die trotse skildery van veldkornet Stephanus Roos behoort aan die Laerskool in Pretoria wat sy naam dra: Primêre Skool Stephanus Roos. Die skoolgrond lê in Sinoville aan die voet van die Magaliesberg. Aan die linkerkant van die foto staan P.W. Botha wie se vrou die naskildering van Roos van 'n foto af gedoen het, en regs op die foto staan die skoolhoof, Mnr G.F. Prinsloo, Oom P.W. soos hy alom bekend staan, was in 1970 lid van die skoolkomittee toe die skool gestig is. Hy het ook die skoollied gekomponeer. Hy vertel dat die voormalige skoolhoof van die Laerskool Nicolaas Smit, Mnr L.A. van Wyk het baie belang gestel in die geskiedenis en in die besonder die geskiedenis van Amajuba. Dit is mnr. van Wyk wat op die gedagte gekom het om die nuwe laerskool in Sinoville destyds te vernoem na die heldhaftige veldkornet Roos wat die berg uitgestorm het. Die skool se leuse het toe ook geword: "Tot Bo" terwyl die skoolwapen 'n lyntekening van Amajuba omraam.

## STERFKENNIS

*Overeenkomstig de Wet op de Weeskamer, 10 November 1869*

1.–Naam van den Overledene– *Stefanis Johanes Roos*

2.–Geboorteplaats van den Overledene– *Kaap Colonie de Koolsberg*

3.–Namen der Ouders– *Johanes Jacobus Roos*
*Anna Magrieta Catriena Kruger*

4.–Ouderdom– *38 jaren en 7 maanden*

5.–Beroep– *Landbouwder*

6.–Getrouwd of ongetrouwd– *met Maria Jacoba Brits*
Weduwenaar of Weduwe–

7.–Datum van overlijden– *28 Feberarie 1883 dootgeschoten*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

8.—Waar gestorven — *by Niabel*

9.—Of er testament bekend is— *Ja*

10.—Of er roerende of onroerende goederen of beiden zijn nagelaten— *bijde*

11.—Is de boedel naar gissing boven de £25— *boven*

12.—Namen der kinderen—mondig of onmondig—
NB.—Namen der onmondige voluit met datum der geboorte. *al onmondig*

| | |
|---|---|
| *Johanes Jacobus Roos geboren en het jaar* | *1866 de 29 januarie* |
| *Elzie Aleta Gertruida* | *1867 de 1 augustus* |
| *Gert* | *1869 de 19 April* |
| *Stefanus Johanes* | *1871 de 27 decsember* |
| *Anna Margrieta Catrina* | *1872 de 6 september* |
| *Johan Nicolaas* | *1874 de 15 feberarie* |
| *Maria Jacoba* | *1875 de 16 october* |
| *Tielman Franschois* | *1877 de 11 july* |
| *Josiena Maria Magdalena* | *1879 de 6 juny* |
| *Harmanes* | *1881 de 14 mii* |
| *Aleta Gertruda Catriena* | *1882 de 11 augustus* |

*Maria Jacoba Roos gebo. Brits* *M.N. Ras*

*Roodekoppies Wyk V*
*Dist. Pretoria den 21ste November 1889*

*Inventaris van den Boedel van Wylen Stefanes Johannes Roos en echtgenoot Maria Jacoba Roos geb. Brits*

| | | |
|---|---|---|
| *1/9* | *Ged. Krokodilpoort* | *£200.00* |
| *1/9* | *" Magalieskraal* | *"100.00* |
| *1/9* | *" Blaauwbank* | *50,00* |

*(Spelling volgens oorspronklike Sterftekennis en Inventaris gelaat)*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# JOACHIM JOHANNES FERREIRA

*Een van die*
*Aanvoerders van die burgers wat die*
*berg uitgeklim en die slag gelewer het.*

Alhoewel buite die ZAR woonagtig in die Klein-Vrystaat, was hy die aanvoerder van die Utrecht Kommando, wat die ZAR-magte by Majuba te hulp gekom het.

Na die slag van Amajuba was hy Commissaris voor Naturellen van Wakkerstroom onder die Z.A.R. Sien bladsy 41 – *het Insluiten van de Boeren-Republieken, Dr W.J. Leyds, Deel II.*


Nadat de slag was afgelopen werd ik (SPE Trichardt) door Generaal Smit gelast om de Engelschen, die in een klein fortje waren aan de Natal syde van Amajuba aan te vallen. Myne manschappen waren erg vermoeid, daarom vraag ik vrywilligers en twintig myne Burgers volgden my. Wy schoten er velen van den vyand dood en de rest vluchten naar hun lager (Mount Prospect).

Joachim Ferreira commandeerde een 100 paarderuiters, die de bestorming van het fortje flink uitvoerde.

OMSTREEKS die jaar 1875 het twee beroepsjagters, Joachim Johannes Ferreira, die latere held van Amajoeba, en Frans Ignatius Maritz, 'n broerskind van die Voortrekker, Gerrit Maritz, op 'n jagtog deurgedring tot Swaziland.

Hulle het met Oembandien, die opperhoof van die Amaswazistam, onderhandel, 'n vriendskapsverdrag gesluit, en later 'n strook grond met sterk standhoudende spruite, baie fonteine en lieflike groen weiding van die opperhoof geruil vir negosiegoed ter waarde van £400 en veertien ryperde.

Skaars was die kontrak gesluit of Ignatius Maritz het, vergesel van sy ses seuns, getrek en die plaas Strydkraal, in die huidige distrik Piet Retief, aangelê. Agt maande later het kommandant Joachim Ferreira en Jan en Jacobus Mei ook met hulle gesinne gevolg. Hulle het hierdie gebied gedoop „Die Gemenebes Klein-Vrystaat" en besluit om 'n onafhanklike republiek daar te organiseer.




Joachim Johannes Ferreira is oorlede op sy plaas Welverdiend in die Republiek Klein Vrystaat. Later is hy op Piet Retief herbegrawe. Die grafopskrif lees

*Generaal J.J. Ferreira*
*8.8.1835 – 16.5.1917*
*Adriana G. Ferreira (gebore Davel)*
*31.1.1848–26.2.1929*
*Psalm 4 vs 9*

← Gevind deur mnr. M.S. Ferreira in die Bybel van sy moeder, Witrivier Tvl. Waar en wanneer gepubiseer is onbekend (Redakteur).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Joachim Johannes Ferreira (1876–1902) was die medestigter van die Republiek Klein Vrystaat en kommandant gedurende die Eerste Vryheidsoorlog.

Soos vertel deur Veldkornet vir die wyke Olifantsrivier en Middelburg dorp, 1880, S.P.E. Trichardt. Bronkhorstspruit slag toe met konvooi na Heidelberg en verder na Majuba.
Later Luitenant Kolonel van die Staatsartillerie ZAR.

Sien Bl. 37 RGN se uitgawe SPE Trichardt.

## JOACHIM JOHANNES FERREIRA – Held van Amajuba

### PETISIE VAN REPUBLIEK VAN DIE KLEIN VRYSTAAT OM BY DIE Z.A.R. INGELYF TE WORD 1888

*Bl. 334–335. Het insluiten van de Boeren Republieken. Dr W.J. Leyds*

Rooipoort, Klein Vrijstaat 1.11.88

Aan ZIJN ED. den STAATS-PRESIDENT en Ed.Achtb. Leden van den UITVOERENDEN RAAD, Zitting houdende te Pretoria.

Geven met verschuldigden eerbied te kennen de ondergeteekenden, Voorzitter en Leden van het Bestuur van een gedeelte van Amazwazieland, bekend onder de naam van Klein-Vrijstaat, alsmede de Ingezetenen derzelve.

Dat genoemde stuk grond door den Amazwazie Koning Umbandine in het jaar 1876 aan de Heeren J.J. Férreira en Jan Maritz verkocht werd en sedert dien tijd verscheidene burgers van de Z.A.Republiek hun woning aldaar genomen hebben.

Dat zij gedurende de Vrijheidsoorlog opgecommandeerd werden en vrijwillig de zelfde dienst gedaan hebben als eenig ander burger van de Z.A.R.

Dat zij echter verstoken waren geweest van te kunnen deelen in de regten met de burgers der Z.A.R. bv. a. In het brengen van hun zaken en geschillen voor Landdrost en Veldcornet. b. In de bevestiging van Huwelijken.

Dat zij daartoe verplicht waren onder hun een bestuur te kiezen in hun klein grondgebied teneinde order en regel daar te stellen. Dat zij verder de Ed.Achtb. Leden van den Uitvoerenden Raad willen herinneren dat zij vroeger Burgers van de Z.A.R. geweest waren en ofschoon van hun Moederland door hun eigen toedoen afgesneden, zij nog steeds getrouwe burgers der Z.A.Republiek zijn.

Dat Umbandine Koning der Amazwazies steeds geweigerd heeft om met de ondergeteekenden iets te doen te hebben, en zelfs door hem aan ons verklaard werd, dat hij (Umbandine) over geen witte menschen wil regeeren. De Koning



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

wilde niet eens gedoogen dat van zijn onderdanen inbreuk zouden maken op genoemde grondgebied en ook geen een toelaten er op te wonen.

Dat Umbandine schriftelijk afstand heeft gedaan van genoemde Grondgebied met datum 27 October dezes jaars.

Redenen waarom zij eerbiedelijk, doch dringend verzoeken, dat het de Ed. Achtb. Uitvoerende Raad moge behagen, stappen te nemen genoemde Grondgebied hierin vermeld over te nemen, te meer daar de Koning Umbandine afstand van genoemde Grondgebied heeft gedaan, en zelfs in zijn schriftelijke afstand verzoekt dat zulks geschieden mogt (zie schriftelijke afstand hierbij).

En indien het de Ed. Achtb. Uitv. Raad moge behagen aan hun verzoek hierin vermeld te voldoen, dat dan de ingezetenen van genoemde grondgebied, hunne gronden, die zij gekocht heeft of gekregen hebben, zullen behouden als hun wettig eigendom, en dat zij van de Regering der Z.A.R. transport van hun eigendom kosteloos verkrijgen zullen.

Dat wij inwoners van meergemelde Klein-Vrijstaat van Belasting vrij zal zijn tot op datum van annexatie en verder dat wij er alle voorregten van Burgers zal deelen, wanneer wij geannexeer zijn.

't welk doende eenige leden van Bestuur
J.J. BEZUIDENHOUT, Voorzitter
W.A. DU PLESSIS, Lid
en 35 anderen

*(Redaksie: Sal die nageslagte van Joachim Ferreira asseblief per brief in aanraking met die Redakteur kom. Sien adres agterin).*


## E J P JORISSEN

In die S A Biografiese Woordeboek word dit uitdruklik gestel dat Jorissen hom op uitmuntende wyse van sy taak gekwyt het en dra so deel by tot die totstandkoming van die Pretoria-Konvensie van Augustus 1881.


E J P Jorissen was 'n regsgeleerde van Pretoria en oud-predikant van Nederland wat hom vroeg in Desember 1880 tussen die duisende Boere op die plaas Paardekraal bevind het. Deur sy aanvaarding van vise-president Paul Kruger as leier (Jorissen was aanvanklik 'n ondersteuner van Burgers en teen Kruger gekant) word Jorissen vir Transvaal van beslissende belang. As lid van die Uitvoerende Raad van die herstelde regering oorreed hy Kruger om Heidelberg as setel van die regering te aanvaar. "Heidelberg was daartoe de aangewezen plek; aan de Britsche regeering moest het gemakkelijk gemaakt worden ons als'oorlogvoerende mogendheid' te erkennen. Wij hadden immers altijd de theorie volgehouden, dat wij nooit berust hebbende in de anexatie, ons het recht voorbehouden hadden, op eenig gegeven oogenblik het bestuur van zaken weder in handen te nemen", skryf hy in sy TRANSVAALSCHE HERINNERINGEN wat in 1897 gepubliseer word.




Digitised by the University of Pretoria, Library Services



*Dr E.J.P. Jorissen*



*Dr E.J.P. Jorissen*
*tydens die wapenstilstandberaad*
*by O'Neill se huis.*




*M.W. Pretorius (17.9.1819–19.5.1901)*
*op hoë ouderdom.*
*Stigter van Pretoria*
*Een van die Driemanskap*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



*'n Seldsame tekening van die vredesonderhandelings, soos op 21 Maart 1881 in O'Neil se huis, aan die voet van Majoeba, gehou. Van links na regs: Dirk Uys, vise-president S.J.P. Kruger, Lt. Hamilton, maj. Clark, genl. P.J. Joubert, maj. Fraser, kapt. Capper, president J.H. Brand (met baard, skryf), kapt. Roberts, genl.-maj. sir Evelyn Wood, genl. Nicolaas J. Smit.*



*Huis van M.W. Pretorius in Pretoria*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Hy skryf verder: "In Heidelberg bleef het Centraal Bestuur achter. Wij moesten alles regelen. De voorziening in de stoffelijke behoeften van het te veld staand leger; het vervaardigen of aankopen van ammunitie" . . . Bogenoemde was vir burgers wat Pretoria, Rustenburg, Standerton en ander dorpe omsingel het. Met die aankoop en maak van ammunisie het die burgers te Heidelberg tot 2 500 patrone per dag afgelewer!

Ons foto toon die voormalige prokureur van Pretoria soos wat hy gelyk het op die Natal-grens tydens die vredesonderhandelinge.

*J VAN RENSBURG (Naskom)*

Teenwoordig by Vredesluiting in O'Neil se huis.

President Kruger, Generaal Joubert, M.W. Pretorius as lede van die Driemanskap. Jacob Philippus Mare 26.1.1823–11.2.1900, lid van die Uitvoerende Raad van die Z.A.R. Dirk Cornelis Uys (Swart Dirk) (1814–17.5. 1892). C.J.J. Joubert (Christiaan Johannes Jacobus) 22.6.1834–17.7.1911, later lid van die Uitvoerende Raad en myn-kommissaris van die Z.A.R., en Docter E.P.J. Jorrisen met Carel Rood (11.7.1851–20.5.1945) as tolk.

Van Engelse syde Generaal Sir Henry Evelyn Wood, 9.21838–2.12.1919. Later Engelse Veldmaarskalk en vier leden van zyn staf.

President J.H. Brand. 6.12.1823–14.7.1888 staatspresident van die Oranje Vrystaat.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## C.R. DE WET

Christiaan Rudolph de Wet (7/10/1854 – 3/2/1922) het reeds gedurende die Eerste Vryheidsoorlog (1881) homself onderskei as soldaat en leier met wie rekening gehou moes word.

So sou hy dan op 25-jarige ouderdom, ten spyte van die feit dat hy 'n Vrystater was, protesvergaderings in die Transvaal kom bywoon. Die onafhanklikheid van hierdie republiek was vir De Wet onafskeidelik met dié van sy eie staat verbonde en dit was sy besliste oortuiging: "Transvaal sal moet terugkom!"

Kort vóór die uitbreek van die Eerste Vryheidsoorlog trek hy na die Transvaal waar hy, met die uitbreek van die oorlog, saam met die Transvaalse kommando's op trek na die Natalse grens.

As waarnemende kommandant het hy by Laingsnek reeds spore van sy toekomstige krygsvernuf getoon, en by Majuba was hy één van die burgers wat die steil hange uitgeklouter het om die vyand van die berg te jaag.

*A. Swart (Naskom)*

## LIGGING VAN FORT ROYAL, 1880–1881 *(dr H.M. Rex)*

Met die oog op die aanbring van 'n bronsplaat van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede om die ligging van die eertydse Fort Royal in Pretoria in herinnering te roep – wat aanvanklik op een of ander geskikte plek aan die buite- of binnekant van die Genl. Pretoriusgebou, geleë op die noordoostelike hoek van Paul Kruger- en Jacob Maréstraat, aangebring sou word – het mnr. A.B. van N. Herbst, Administrateur van die Nederduitsch Hervormde Kerk, mnr C.F. van R. Zietsman, Transvaalse Streeksverteenwoordiger van die RNG en ondergetekende in die begin van Oktober 1980 tot die slotsom gekom dat dit verstandig sou wees om opnuut deeglike aandag te gee aan die presiese ligging van Fort Royal alvorens daar uitvoering gegee word aan die besluit van die RNG dat die bronsplaat op die terrein van die Genl. Pretoriusgebou aangebring moes word.

Die Afrikaanse bewoording op die bronsplaat lui soos volg:

**FORT ROYAL**

Hier was Fort Royal geleë, gebou onder toesig van lt. Commeline van die Royal Engineers en tydens die beleg van Pretoria (21.12.1880–29.3.1881) deur 'n kompanie van die 94ste Regiment gebruik. Die fort waarvan die bouwerk op 4 Desember 1880 begin en binne 'n week voltooi is, het 'n 4-pond-Kruppkanon gehuisves.

Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede
1980



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



*Genl. C.R. de Wet*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services